

# Graan SA Oggend Markkommentaar

Wessel Lemmer en Luzelle Botha

GRAAN SA	DATUM		DATUM			+ - WEEK GELEDE		+ - MAAND GELEDE			+ - JAAR GELEDE		
	2014/10/24		2014/10/23			2014/10/14		2014/09/23			2013/10/22		
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	
DJIA-indeks	16678	297.49	1.8%	16380	2%	16315	2%	17056	8%	15468	8%	15468	
Goud (Spot)	1229.90	1.11	0.1%	1228.79	0%	1225.90	0%	1223.29	-8%	1336.40	-8%	1336.40	
Brent \$/vat	86.40	1.75	2.1%	84.65	1%	85.86	1%	96.75	-21%	109.65	-21%	109.65	
1 €: ? US\$	1.2654	-0.012	-0.9%	1.2771	0%	1.2644	0%	1.2846	-7%	1.3675	-7%	1.3675	
1 US\$: ? ZAR	10.97	-0.076	-0.7%	11.05	-1%	11.07	-1%	11.14	11%	9.84	11%	9.84	
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 1 560.12	22	1.4%	R 1 538.28	* CBOT Dec sent/skepel 08:00 vandag vs CBOT Corn Dec 12:00 die vorige dag								
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 4 021.72	101	2.6%	R 3 920.64	* CBOT Nov sent/skepel 08:00 vandag vs CBOT Soya Nov 12:00 die vorige dag								
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 2 129.26	4	0.2%	R 2 125.71	* CBOT Dec sent/skepel 08:00 vandag vs CBOT Dec Wheat 12:00 die vorige dag								
Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag)													
Corn Dec 14	361.25	7.50	2.1%	353.75	1%	357.00	11%	325.50	-25%	481.25	-25%	481.25	
Corn Jul 15	391.00	7.50	2.0%	383.50	1%	386.25	10%	354.00	-22%	499.00	-22%	499.00	
Soybean Nov 14	997.75	31.75	3.3%	966.00	3%	964.75	7%	936.25	-15%	1174.50	-15%	1174.50	
Soybean May 15	1018.50	29.50	3.0%	989.00	3%	990.25	6%	958.00	-14%	1183.50	-14%	1183.50	
Wheat Dec 14	528.25	4.50	0.9%	523.75	4%	509.25	11%	476.00	-26%	716.25	-26%	716.25	
Jongste MTM-pryse (Aangeteken tussen 07:00 vm - 08:00 vm op die jongste twee datums) SPOT = naaste kontrakmaand													
SORGHUM Dec 14	2460	0	0.0%	2460	-1%	2480	-1%	2480		3450		3450	
WMAZ SPOT	1901	-21	-1.1%	1922	-2%	1939	8%	1753	-20%	2369	-20%	2369	
WMAZ Dec 14	1909	-25	-1.3%	1934	-3%	1963	7%	1781	-20%	2384	-20%	2384	
WMAZ Jul 15	1921	-8	-0.4%	1929	-4%	1991	2%	1884	-6%	2034	-6%	2034	
YMAZ SPOT	1935	-16	-0.8%	1951	-1%	1960	9%	1769	-12%	2197	-12%	2197	
YMAZ Dec 14	1967	-16	-0.8%	1983	-1%	1986	8%	1818	-10%	2194	-10%	2194	
YMAZ Jul 15	1950	-3	-0.2%	1953	-2%	1987	4%	1884	-2%	1980	-2%	1980	
SOY50 SPOT	5205	-26	-0.5%	5231	1%	5130	1%	5135	-2%	5285	-2%	5285	
SOY50 Dec 14	5270	-32	-0.6%	5302	2%	5188	1%	5199		NA		NA	
SOY May 15	4505	-9	-0.2%	4514	2%	4425	-1%	4530	-9%	4960	-9%	4960	
SUN SPOT	4800	-29	-0.6%	4829	4%	4621	9%	4420	-8%	5200	-8%	5200	
SUN Dec 14	4874	-20	-0.4%	4894	4%	4709	9%	4470	-9%	5370	-9%	5370	
SUN May 15	4230	11	0.3%	4219	1%	4182	5%	4020	-10%	4695	-10%	4695	
WHEAT Spot 14	3569	-29	-0.8%	3598	-1%	3598	-1%	3622	0%	3556	0%	3556	
WHEAT Dec 14	3619	-18	-0.5%	3637	-1%	3660	-1%	3668	4%	3482	4%	3482	

**JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VANAF VERSKEIE MARKVERSLAE**

**BUITEMARKFAKTORE:** Die Rand het sedert 12:00 gistermiddag met 0,7% tot R10.97 teenoor die VSA-\$ versterk en die VSA-\$ het teenoor die Euro met 0,9% versterk.

**INTERNASIONALE MARKFAKTORE**

CBOT-sojaboonpryse het met 3,3% tot \$9.97 skepel gestyg. Die potensiele ondersteuning wat die skerp styging / pryslopie in sojabone meebring kan in Randwaarde uitgedruk word as 'n potensiele styging van R101/ton. Fondse in die VSA sluit hul verkooppisies deur lang posisies in te neem en dit ondersteun pryse. Fondse sluit hul posisies veral nadat die weeklikse VSA sojaboon uitvoersyfers aandui dat 2,17 miljoen ton sojabone uitgevoer is. China het ook 'n bykomende 118 000 ton sojabone oornag bestel. Let op dat opsies in die VSA more verstryk en dat dit pryse kan ondersteun. Indien die reënval in die noordelike sojaboonproduksiegebiede van Brazilië oor die naweek teleurstellend gaan wees kan dit pryse ondersteun.

VSA mieliepryse word ondersteun deur die moontlikheid van opvolgreën wat die strooptempo van mielies kan verlaag. Die pryslopie vir sojabone het mieliepryse ook ondersteun om met 1,4 % te styg en bo \$3.60/skepel te verhandel. \$3.60 per skepel is die gelykbreekpunt vir mielieproduksiekoste in die VSA. Die weeklikse VSA uitvoersyfer van meer as 1 miljoen ton het die mark ook verras. Sommige rolspelers in die VSA mieliehandel is van mening dat die uitstekende oesresultate en verbruik van voerkoring in die EU nie die huidige CBOT prysvlakke regverdig nie. Brazilië se suikerriet oes is egter te klein en die land moet bio-etanol van landse soos die VSA invoer en dit bied ook prysondersteuning in die VSA. Die laat aangeplante sojaboon-oes kan ook meebring dat die tweede mielie-aanplantings in Brazilië 6% laer kan wees. Die sterk \$ en sprake van hoër opbrengste in die VSA kan pryse onder druk hou.

CBOT-koringpryse het sojaboonpryse hoër nagevolg en met 0,9% gestyg. Rolspelers in die mark is van mening dat koring meer prysondersteuning kan geniet omdat wêreld oordragvoorrade nie aan die toeneem is nie. Wes-Australië se koring-oes word deur reëntoestande negatief beïnvloed. Die VSA se HRW-koring-oes is swak gevestig en behoort deur die komende winter prysondersteuning te bied. Daar is egter genoegsame hoeveelhede voerkoring in die wêreld en die VSA-\$ bly sterk.

**Bronne:** Grain SA, SAGIS, OANDA, USDA, Fin24, JSE, CME, Eric Leese.

Let asb die volgende:

Internasionale markverslae:

[USDA Crop progress](#)

Plaaslike markverslae:

[Besoek ww.grainsa.co.za](#)

Navrae: Wessel Lemmer, Epos: [wessel@grainsa.co.za](mailto:wessel@grainsa.co.za)